

19 Oktober

Geloof beproef om dit te versterk

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8

Fokusgedeelte: Jakobus 1:3-4

Beproewing was nog nooit lekker nie! Of so dink ons. Wanneer ons daardeur gaan, kan ons soms só vasgevang word deur ons eie omstandighede dat ons sukkel om die sin daarvan te sien en te verstaan. Hoeveel te meer nie nog sukkel om ... *baie bly te wees wanneer allerlei beproewinge oor ons kom*. Dit klink na 'n teenstrydigheid. As ons beproewing beleef, dan is vreugde oor ons besondere omstandighede die laaste ding waaraan ons kan of wil dink.

Lyding, swaarkry, beproewing. Dit maak nie saak wat ons dit noem nie. Hoofsaak is dat ons nie in die versoeking moet kom om in opstand te kom teen ons omstandighede nie. Wat maak 'n mens dan as jy in beproewing kom? Hoe moet ons reageer? Is dit moontlik om bly te wees oor beproewinge in jou lewe? Ja, dit is moontlik as ons verstaan wat die Here vir ons sê. In vers 3 lees ons: *"... want as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit jou in staat om te volhard."*

Dink mooi. Is dit jy wat beproewing deurgaen, of is dit jou geloof wat beproef word? Dank God daarvoor dat Hy aan jou geloof gegee het wat beproef kan word. Vertrou Hom in alles. Wees BAIE bly as daar beproewinge oor jou kom, want dit is nie daar om jou seer te maak nie, maar om jou geloof te versterk! Kyk na jou beproewing! Sien jy, dit is tog nie so sleg nie, want dit stel jou in staat om te volhard.

Sing: Psalm 138:1

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)